higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N960**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N5

(4110455)

11 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	40 punte
AFDELING B:	160 punte
TOTAAL:	200 punte

2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
3. Beantwoord enige VIER van die ses vrae in AFDELING B.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Bedingingsraad	A	beteken dat die staat absolute en maksimum beheer van alle aspekte van die arbeidsverhouding oorneem
1.1.2	Betooglinievorming	B	bied 'n forum vir kollektiewe bedinging waarvolgens 'n skikking oor sake van gesamentlike belang deur middel van onderhandeling bereik kan word
1.1.3	Dienssertifikaat	C	'n vorm van vreedsame betoging ter ondersteuning van enige beskermde staking
1.1.4	Regte	D	'n kollektiewe ooreenkoms wat op alle werkers betrekking het en poog om indiensneming van werkers te bevorder
1.1.5	Verpligting	E	wanneer al die werknemers saamstaan en mekaar ondersteun
1.1.6	Mandatarisme	F	'n plig of onderneming; ’n handeling of handelswyse waartoe ’n persoon moreel of regtens verbind is
1.1.7	Kapitalisme	G	’n ekonomiese en politieke stelsel waarvolgens 'n land se handel en nywerheid nie deur die staat nie, maar deur private eienaars beheer word vir wins
1.1.8	Solidariteit	H	'n skriftelike dokument wat aan die werknemer gegee word wat sy/haar pos of werk vir die laaste keer verlaat
1.1.9	Onbekwaamheid	I	'n geldige rede vir die beëindiging van 'n kontrak
1.1.10	Geslotegeledere-ooreenkoms	J	'n morele of wetlik afdwingbare aanspraak om iets te hê of te doen
		K	onvermoë om iets te doen

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Dienskontrak is altyd 'n vastetermynkontrak.

1.2.2 Die bestuur sal eerder aan minder werkers 'n hoër salaris betaal.

1.2.3 Werknemers behoort sonder toesighouding gelaat te word ten einde te presteer.

1.2.4 Prosedures vir oorbodigheid word nie vereis nie.

1.2.5 Posbeskrywing is dieselfde as posontleding.

1.2.6 'n Proeftydperk kan deur 'n werkgewer gespesifiseer word.

1.2.7 Die reg om werknemers te verplaas is 'n bestuursreg.

1.2.8 Die bestuur bestaan uit verkose beamptes.

1.2.9 Die Suid-Afrikaanse regering gebruik mandatarisme en voluntarisme.

1.2.10 Die afdeling arbeidsverhoudinge is in 'n vakuum werksaam; dit is nie 'n produk van sy geskiedenis en omgewing nie.

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die doel van die ... is om gelykheid in die werkplek te bereik.

A Wet Op Vaardigheidsontwikkeling (97 van 1998)
B Wet Op Arbeidsverhoudinge (66 van 1995)
C Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75 van 1998)
D 'Employment Equity Act' (Wet Op Diensbillikheid) (55 van 1998)

1.3.2 Die doel van die ... is om regulering vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling te voorsien.

A 'Employment Equity Act' (Wet op Gelyke Indiensneming)
B Nuwe Werkloosheidswet
C Wet op Vaardigheidsontwikkeling
D Wet op Basiese Diensvoorwaardes

1.3.3 ... streef na konsensus tussen werkers, beleggers, die staat en die gemeenskap wat ekonomiese doelwitte en aktiwiteite betref.

A KVBA
B IAO
C NEDLAC
D COSATU

Kopiereg voorbehou

1.3.4 Watter EEN van die volgende is NIE 'n rolspeler tydens afleggings nie (66/1995)?

A Werkplekforum
B Geregistreerde vakbond
C Ongeregistreerde vakbond
D Werknemers wat geraak word

1.3.5 Watter EEN van die volgende is NIE 'n metode van 'n vakbond om doelstellings te bereik nie?

A Kollektiewe bedinging
B Media
C Uitsluitings
D Howe

1.3.6 ... word gebruik om die sosio-ekonomiese belange van die gemeenskap te bevorder of verdedig.

A Protesoptrede
B Stakings
C Betooglinies
D Uitsluitings

1.3.7 Om demokrasie na die werkplek te bring is 'n ... van vakbonde.

A doel
B funksie
C ontwikkeling
D Al die bogenoemde

1.3.8 In Suid-Afrika is dit die staat se funksie om ... regsbeskerming te verleen.

A minimum
B maksimum
C geen
D volkome

1.3.9 Watter EEN van die volgende is NIE 'n funksie van die polisie tydens 'n staking nie?

A Beskerm die publiek
B Beskerm die werkgewer
C Voorkom openbare steurnis
D Om nie kant te kies nie

Kopiereg voorbehou

1.3.10 'n ... Staking vind plaas wanneer werknemers uit simpatie met werknemers in 'n ander werkplek staak.

A primêre
B sekondêre
C erkende
D ekonomiese

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

TELKOM SEËVIEREND IN ARBEIDSHOF

31 AUGUSTUS 2016, 08:24VM/IOL-VERSLAGGEWER

Johannesburg – Telkom het op Woensdag aangekondig dat 'n Arbeidshofbeslissing teen die Kommunikasiewerkersvakbond (CWU) oor hangende afleggings hom van alle blaam onthef het.

Die vakbond en Telkom is reeds geruime tyd haaks met die CWU-lede wat wil begin staak oor hul eise dat Telkom 'n algemene verhoging van 11 persent in werking stel, 'n drie-jaar-moratorium op afleggings en uitkontraktering instel en ses maande betaalde kraamverlof toestaan.

In 'n verklaring het Telkom gesê dat die vakbond die hof op 1 Augustus genader het om hom te verhoed om afleggings as deel van sy herstrukturering te voltooi. Telkom het homself herposisioneer as 'n meer vaartbelynde maatskappy wat maklik kan beweeg om by die veranderende mededingende omgewing aan te pas.

2.1.1 Noem VIER tipes verlof wat Telkom toestaan, behalwe kraamverlof. (4 × 2) (8)

2.1.2 Noem SES metodes waarop die staat kan inmeng. (12)

2.1.3 Noem VYF eienskappe van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat Telkom kan beïnvloed om nie tot 'n 11-persent-verhoging in te stem nie. (5 × 2) (10)

2.1.4 Noem TWEE metodes wat deur die Kommunikasiewerkersvakbond gebruik is. (2)

2.2 Omskryf die volgende begrippe:

2.2.1 Werkgewer

2.2.2 Werknemer

2.2.3 Vakbondverteenwoordiger

2.2.4 Staat

(4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 3

3.1 Noem AGT voordele van werknemerbetrokkenheid by die organisasie se aktiwiteite. (8)

3.2 Verduidelik kortliks die basiese beginsels van 'n proeftydperk. (5)

3.3 Jy wil vir 'n nuwe vakature aansoek doen, maar kan nie jou identiteitsdokument opspoor nie. (5)

3.3.1 Sal dit 'n probleem wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

3.3.2 Watter ander dokumente en inligting het jy vir die aansoek nodig? (4)

3.4 Noem die besonderhede wat in 'n dienskontrak behoort te verskyn, met inagneming van die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. (6)

3.5 Noem die onderskeie regsbronne wat help om 'n kontrak te ontwikkel. (4 × 2) (8)

3.6 Noem die wesenselemente van 'n kontrak. (4 × 2) (8)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

INSPEKTEURS DWING ARBEIDSREG MET VIM AF



Die wetgewing is verskerp om hoë werkloosheidsyfers in Suid-Afrika te hanteer.

Kaapstad – Die nuwe minister van Binnelandse Sake is besig met sterk optrede teen maatskappye wat meer as 40% buitelandse arbeiders het. Inspekteurs van Binnelandse Sake het landswyd met 'n 'massa-inspeksie' van ondernemings begin.

Minister Hlengiwe Mkhize het op Woensdag gesê haar departement se inspeksieafdeling gaan voort met inspeksies by verskeie diensverskaffers om nakoming van hierdie vereiste kragtens die Immigrasiewet te verseker.

Sy het gesê dat Binnelandse Sake met die SA Polisiediens asook die Departement van Handel saamwerk.

NUUS / 4 MEI 2017, 2:06NM / SIYABONGA SESANT

4.1 Bespreek die belangrikste funksies van die arbeidsinspekteur. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VIER doelstellings en primêre doeleindes van die Wet Op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995. (4 × 2) (8)

4.3 Bespreek kortliks kollektiewe bedinging soos dit in Suid-Afrika van toepassing is. (5 × 2) (10)

4.4 Noem die verskille tussen *individualisme* en *belangegemeenskap* deur die antwoord in tabelvorm te gee. (6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER substelsels van die ekonomiese stelsel wat 'n invloed op arbeidsverhoudinge het. (4 × 2) (8)

5.2 Noem SES prosessuele ooreenkomste wat gesluit kan word. (6)

5.3 Bespreek gesentraliseerde bedinging kortliks. (5 × 2) (10)

5.4 Pro-Mxo Belegging is besig om 50% van hul personeel af te lê weens die finansiële probleme wat hy ervaar omdat Suid-Afrika se ekonomie tot 'rommelstatus' afgegradeer is. Jy is die mensehulpbronbestuurder wat toesig oor die hele afleggingsproses moet hou.

5.4.1 Definieer wat met uitdiensstelling/aflegging bedoel word. (3)

5.4.2 Definieer wat met *oorbodigheid* bedoel word. (1)

5.5 Skryf elk die volgende afkortings volledig uit.

5.5.1 KVBA

5.5.2 WBD

5.5.3 COSATU

5.5.4 NEDLAC

(4 × 2) (8)

5.6 Wat is die verskil tussen 'n *staking* en 'n *uitsluiting*? (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 6

MOTAUNG SE HUISHULP MAAK BEWERINGS VAN ONBILLIKE ARBEID

Kaizer Chiefs se bemarkingsdirekteur Jessica Motaung en 'n man genaamd Bobo word daarvan beskuldig dat hulle versuim het om hul huishulp R6 000 te betaal, soos beveel deur die KVBA nadat hulle aan onbillike arbeidspraktyke skuldig bevind is.

Die saak is vroeg in Julie by die Johannesburgse KVBA aangehoor. Motaung se helper Thenjiwe het gesê sy is ontslaan nadat sy byna 'n jaar lank by hul luukse huis in Bryanston gewerk het.

Gedurende die tyd wat sy as 'n inslaaphulp gewerk het, is Thenjiwe beveel om op openbare vakansiedae en Sondae te werk.

Soos op http//www.sundayword.co.za /news/2017/08/06

6.1	Noem SES billike of aanvaarbare redes vir ontslag	(6 × 2)	(12)
6.2	Noem die belangrikste funksies van die KVBA.	(7 × 2)	(14)
6.3	Bespreek die algemene funksies van 'n werkplekforum.	(4 × 2)	(8)
6.4	Noem DRIE regte van 'n werkgewersorganisasie.	(3 × 2)	(6)
			[40]

VRAAG 7

7.1	Bespreek *maaltydtussenposes* as 'n voorwaarde volgens die WBD.	(3 × 2)	(6)
7.2	Noem die werkgewers of werknemers wat nie deur die WBD gedek word nie.		(4)
7.3	Noem SEWE ander faktore wat konflik in die werkplek kan veroorsaak.		(7)
7.4	Noem die DRIE partye by die drieledige arbeidsverhouding.		(3)
7.5	Onderskei tussen *kapitalisme* en *sosialisme.*		(12)
7.6	Bespreek die eienskappe van 'n werkvloerverteenwoordiger.		(8)
			[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou